Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 30 Augustus 1950 | Prys 3d. | No. 41

# Brittanje Bou Slaankrag Van Rusland Op

**Onderwyl Brittanje aan die een kant 'n bewapeningsprogram geloods het wat sy handelsbalans weer in gevaar stel en sodoende mag lei tot binnelandse onewewigtigheid wat die Kommuniste grootliks kan bevoordeel, word daar nog steeds met Rusland handel gedrywe in goedere wat hy vir oorlogsdoeleindes kan benut. Hierdie onverskilligheid is verlede week ook deur Churchill aan die kaak gestel toe hy sekere fabrieke by name genoem het waar Russiese inspekteurs selfs binnegelaat word om Russiese bestellings te inspekteer.**

Een van die genoemde fabrieke is 'n masjiengereedskapfabriek. Die besturende direkteur het erken dat sy firma met Rusland handeldryf en dat groot bestellings nog uitgevoer word. **„Onder die huidige omstandighede moet ons ons miskien afvra of ons die regte ding doen,"** het hy daaraan toegevoeg.

Die minister van buitelandse handel het probeer verduidelik waarom hierdie ongerymdheid bestaan. Rusland, so lui sy verklaring, verskaf aan Brittanje noodsaaklike goedere in die vorm van graan en hout in ruil waarvoor Brittanje iets moet lewer. Hoewel dit 'n wye reeks goed insluit, was die beleid om nie goedere te lewer wat 'n oorlogspotensiaal kan opbou nie. Daar word egter verklaar dat alle bestellings wat voor die beperkings ingevoer is, geplaas was, wel nog uitgevoer word.

### SPUITVLIEGTUIE

Hoe versigtig die Britse regering tans is in hierdie beleid, kan behalwe Churchill se beskuldigings nie vasgestel word nie, **maar nie so lank gelede nie, en toe dit reeds baie duidelik was dat Rusland voorberei vir oorlog, het Brittanje nog van die allernuutste vliegtuig-motore na die Sowjet uitgevoer.** In die verband skryf Intelligence Digest in sy Augustus-uitgawe as volg:

„Intussen is dit gebiedend noodsaaklik om alle uitvoer wat die Sowjet-unie of sy satelliete se oorlogspotensiaal kan versterk, stop te sit. **Voorrade het te lank reeds aangehou om die Sowjets te bereik.**

**„'n Groot gesaghebbende het privaat gesê dat sir Stafford Cripps se toestemming tot die uitvoer van spuitvliegtuig-motore na Rusland laasgenoemde vyftien jaar se metallurgiese navorsing gespaar het. Dit kan as 'n onbetwisbare feit aanvaar word. Op hierdie wyse is 'n ernstige fout begaan deur 'n minister wat geweier het om hom te laat waarsku teen Russiese oogmerke."**

### OOK RUBBER

Die blad gaan voort deur te verklaar dat groot hoeveelhede rubber wat vir militêre doeleindes benodig word, Rusland uit die sterlinggebiede bereik.

**„Dit lyk snaaks om die slaankrag van 'n mens se onmiddellike vyand op te bou. Om dit stop te sit, skyn 'n eerste vereiste vir 'n omvattende strategie te wees."**

### „VERRASSING"

In verband met die Russiese lugmag, wat soveel aan tyd en

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# ONS PRAAT AFRIKAANS MAAR REGEER ENGELS

*Historiese Datums:*

**Ons het nou onlangs weer 'n reeks feeste belewe. Op 14 Augustus 1950 het ons die 75e verjaardag herdenk van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875. Hulle het daartoe bygedra om vir Suid-Afrika 'n eie Afrikaanse taal te gee. Hierdie eie taal het bygedra tot ons nasionale bewussyn, het 'n eie literatuur te voorskyn geroep en het so bygedra tot die verryking van die wêreldliteratuur.**

**Op 6 April 1952 hoop ons om feestelik te herdenk dat Jan van Riebeeck driehonderd jaar vantevore die volksplanting aan die Kaap waargeneem het.**

**Op 17 Januarie 1952 sal vermoedelik 'n kleiner klompie van ons herdenk dat die eerste Zuid-Afrikaansche Republiek gestig is op 17 Januarie 1852 aan die Sandrivier. Moontlik sal ons op 31 Mei 1952 onthou dat met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902, vyftig jaar vantevore, die Suid-Afrikaanse Republiek sowel as die Vrystaatse met hul eie Suid-Afrikaanse staatstelsel finaal gelikwideer is. Voortaan sou Suid-Afrika wel 'n eie Suid-Afrikaanse taal hê, maar 'n Britse staatsvorm. Ons sal Afrikaans kan praat, maar in die vervolg op 'n Engelse wyse regeer word. Hierdie toestand is bevestig deur die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910.**

### *Taal en Stelsel*

Dit is eienaardig dat die Afrikaner wat seker net so politiekbewus is as wat hy taalbewus is, tog op taalgebied veel verder staan as op staatkundige gebied. **Hy het sy eie taal, maar hy het die Brit se regeringstelsel.**

**Sou dit wees omdat die eerste taalleiers, die Genootskap van Regte Afrikaners, alleen vir die taal geveg het en nie vir magsposisies nie? Nie een van hulle het byvoorbeeld 'n kabinetsminister in die ou Kaapse Parlement geword nie.**

**Het ons vandag op staatkundige gebied nie ook behoefte aan 'n Genootskap van Regte Afrikaners nie? Het ons nie 'n groep persone nodig wat nie sal strewe na kabinets- of ander magsposisies nie, maar hulle kragte, talente en invloed sal inspan vir één doel: die daarstelling van 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel in Suid-Afrika en 'n eie grondwet wat nie op vreemde lees geskoei is**

**Deur A. J. van Rooy**

**nie? Die wat stry vir magsposisies doen goed, maar dié wat hierdie stryd gaan stry, sal beslis iets beters doen.**

### *'n Eie Suid-Afrikaanse Staatstelsel?*

Dit kan beweer word dat die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 moes stry vir die erkenning van 'n taal wat werklik reeds bestaan het. Hoe kan ons nou veg vir 'n staatstelsel wat nie bestaan nie?

'n Eeie Suid-Afrikaanse staatstelsel het wel bestaan!

## Stryd Moet Uitloop Op Herstel Van Ons Eie

Dit het voortgevloei uit die Groot Trek en tot openbaring gekom in die republieke van die Transvaal en Oranje-Vrystaat. Hierdie staatsidee en -stelsel is net so noodsaaklik vir ons nasieskap as die eie Afrikaanse taal, maar, soos hierbo aangetoon, is dit in 1902 gelikwideer.

**Suid-Afrika sal eers ten volle ons vaderland wees as sy regeringstelsel ook suiwer Suid-Afrikaans is. Op die oomblik is Suid-Afrika wat dit betref nog Klein-Engeland.**

In 'n volgende paar artikels sal ons weer hierdie volkseie staatstelsel van nader betrag en wel soos dit tot openbaring gekom het in die republiek ten noorde van Vaalrivier.

# ENGELSE VREES IN SUID-RHODESIË WAT HULLE IN UNIE EIS

**Die Salisbury-korrespondent van die Cape Times spreek besorgdheid uit oor toenemende Afrikaner-nasionalisme in Suid-Rhodesië. Hy beweer dat 'n betreklik klein groepie uiterste Afrikaners 'n gees van vyandskap opwek. Dit sou dan oorsaak wees dat baie Suid-Rhodesiërs teen alle Afrikaners agterdogtig is en dit mag lei tot vyandskap teen die hele Unie.**

'n Toer deur die oostelike distrikte waar die Afrikaners oorheers, het die korrespondent tot die gevolgtrekking gebring dat daar geheimsinnige kragte aan die werk is om die „ortodokse Afrikaner-nasionalisme" daar in te voer. Hierdie neiging, aldus die korrespondent is vir geruime tyd reeds bekend, maar regstreekse bewyse kan nie maklik verkry word nie. **Die mense wat hom hierdie inligting verstrek het, wou in geen omstandighede toelaat dat hul name genoem word nie.** Hulle het aan hom gesê dat die nasionale element onder die Afrikaners in daardie distrikte reeds sterk is en dat winkeliers, hoteleienaars en agente verplig is om met hulle handel te dryf of hulle nou ook al van hulle politiek hou of nie.

Die hoë tabakpryse is oorsaak van die instroming in die gebied, word verklaar. Voor elke hotel tussen Marandellas en Umtali sal 'n motor met 'n Unie-registrasienommer gesien kan word, elkeen agter 'n plaas aan.

Die korrespondent het dit ook teen die feit dat Afrikanerboere net Afrikaners in diens neem. Jong en arm Afrikaners word uit die Unie in diens geneem en na 'n paar jaar koop hulle self 'n plaas. Engelse boere word op 'n streep uitgekoop, en in sekere dele is daar 'n doelbewuste beleid onder die Afrikaners om Engelse se grond op te koop.

### OORSAAK

Die vrees wat nou in die Engelse pers gelug word oor 'n ontwakende Afrikaner-nasionalisme is blykbaar 'n sleepsel van die ontaktvolle uitlatings van die Suid-Rhodesiese eerste minister, sir Godfrey Huggins, vroeër in die jaar by geleentheid van die verwelkoming van 'n Joodse rabbyn. Sonder om die Afrikaners by die naam te noem het hy 'n kwaai aanval op hulle gemaak en selfs met uitsetting uit die land gedreig. Sedertdien het meer as een openbare liggaam besluite geneem teen die moontlike erkenning van Afrikaans as 'n tweede taal — sonder dat daar bewyse was dat Afrikaners so iets gevra het. Kort gelede het die regering ook 'n maatreël aangeneem waarvolgens die toevloei van Britse immigrante makliker gemaak sal word, **en daar is openlik erken dat dit teen die sterk stroom immigrante uit die Unie gemik is.**

**As daar nou na al hierdie beroering en openbaring van agterdog en vyandskap deur vooraanstaande Engelse kringe van Suid-Rhodesië 'n ontwaking onder die Afrikaners plaasvind, gebeur maar net wat destyds van Afrikaanse kant gewaarsku is, naamlik dat niks gouer tot 'n stryd tussen die twee groepe kan lei as hierdie openbare aanvalle op die Afrikaner sonder dat daar bewyse vir die motiewe is wat aan hom toegeskryf word nie.**

**Moontlik is dit die Britse gewete wat aan die werk is. As die Suid-Rhodesiërs na die Unie kyk, moet hulle merk hoe 'n Engelse bevolkingsminderheid 'n oorheersende rol probeer speel het teenoor die gevestigde bevolking. Vrees dat hierdie voorbeeld nagevolg kan word deur 'n minderheidsgroep in Suid-Rhodesië, lê moontlik ten grondslag aan die gemoedsonrus. Maar as die Engelse se regte in die Unie billik is, waarom sal soortgelyke regte in Suid-Rhodesië uit die bose wees? Tweetaligheid is òf op alle plekke waar dieselfde toestande bestaan, billik en reg òf dit is op alle plekke verkeerd.**

## Nog 'n Britse Wetenskaplike 'n Kommunis

'n Bekende Britse atoomdeskundige wat veral 'n studie van kosmiese strale gemaak het, het stilletjies weggeloop en hom by die Kommuniste agter die Ystergordyn gaan voeg. Hy is professor Janosay wat etlike internasionale wetenskaplike konferensies bygewoon het saam met dr. Klaus Fuchs wat tans 'n vonnis uitdien weens spioenasie.

'n Paar dae voordat hy die land verlaat het na Hongarye het hy aan sy vriende gesê dat hy 'n Kommunis is.

## SWARTRUGGENS HOU OB-DAG

Mnr. C. J. Blom, hoofkommandant, Zwartruggens, berig dat daar na heelwat wik en weeg deur die offisiere van die generaalskap Koster, Zwartruggens en Zeerust besluit is om nie vanjaar 'n geldinsamelingsfunksie op O.B.-dag te hou nie, maar 'n gesellige samekoms van O.B.-gesinne op Saterdagmiddag, 16 September, in die kloof op die plaas Blokkloof.

DIE O.B., WOENSDAG, 30 AUGUSTUS 1950

# DIE IDEAAL VAN VOLKSEENHEID

„Die O.B. het gekom om alle lede van die volk te verenig", het adv. J. de Vos onlangs op Wellington gesê. Ná die verbete aanslae wat die Ossewabrandwag die afgelope nege jaar van die kant van nasionale politici moes verduur, sal daar moontlik mense wees wat sal vra hoe die Ossewabrandwag hierdie ideaal verwesenlik kan kry in die aangesig van voortgesette stryd. „Is die Ossewabrandwag dan nie juis besig om die volk verder te verdeel deur sy voortbestaan nie? Sal ons nie veel eerder volkseenheid kry deur die Beweging te ontbind en almal by die H.N.P. aan te sluit nie?" kan gevra word.

Dit is nie moeilik om hierop 'n antwoord te gee nie. Dit hang alles daarvan af wat 'n mens onder volkseenheid verstaan. **As ons dink aan die georganiseerde eenheid van nasionaalgesinde Afrikaners, dan het ons daardie eenheid klaar in 1941 gehad. Groter eenheid as toe sal daar op organisatoriese gebied seker nie weer maklik verkry kan word nie. Maar daardie eenheid is verbreek hoofsaaklik omdat die vraag — in die gees van die partypolitiek — na vore gekom het: watter organisasie gaan uiteindelik regeer?** Die partypolitiek dink in terme van die een of ander organisasie wat moet regeer. Gevolglik kan die partypolitiek volkseenheid net sien in die lig van aansluiting by die een of ander party-organisasie. Die man wat nie by die eie party staan nie, is eintlik nie meer 'n lid van die volk nie — hy is 'n volksvyand.

## „VOLKSVYANDE"

**Maar staatkundig gesien kan daar geen sprake van erkende binnelandse volksvyande wees nie. Daar kan slegs potensiële volksgenote wees of verraaiers en vyfde kolonners. Laasgenoemde word in vredestyd geduld solank hul bedrywighede onskadelik of onbekend bly, maar enige staat het die reg om teen 'n verraaier of vyfde kolonner op te tree indien hy die staat skade berokken, afgesien of daar oorlog is of nie.**

Onder die Britse partystelsel het dit egter gebruik geword om die volk terwille van 'n politieke wedstryd in twee groepe te verdeel wat mekaar beoorlog asof die een in die ander 'n volksvyand sien. In Suid-Afrika met sy twee bevolkingsgroepe en twee tale is hierdie spel besonder gevaarlik en nadelig omdat dit die potensiële volksgenote die moontlikheid ontneem om tot volksgenote te ontwikkel. Die Engelssprekende deel van die bevolking staan georganiseer binne 'n politieke party wat die bande met Brittanje by sy aanhangers in werkende toestand wil hou, en hulle word dus deur die teenparty aangesien of voorgehou as „volksvyande" wat by die stembus georganiseerd beveg moet word. **Van volkseenheid kan daar in sulke omstandighede nooit sprake wees nie, veral nie waar die Afrikanervolk self deur die partypolitiek in twee of meer „vyandelike" groepe verdeel word. Al sou alle Afrikaners en potensiële Afrikaners dus by die een party aansluit, en die partystelsel word gehandhaaf, kan daar nie sprake van volkseenheid wees nie. Die stelsel vereis dat daar 'n „opposisieparty" moet wees, en daardie opposisieparty is genoodsaak om sy rekrute uit die een of ander stemme-reservaat te vergader.** In Europa dien die werkersgroep gewoonlik as 'n stemmereservaat vir een van die partye. In ons land is dit egter meer winsgewend om die verdeling op grond van taal te maak. Daarom sal daar altyd 'n party wees vir die Afrikaners en een vir die Engelssprekendes.

## DWAASHEID

**Om in sulke omstandighede te ywer vir volkseenheid deur middel van 'n oproep om by een party aan te sluit is òf 'n groot dwaling òf 'n flagrante misleiding van die volk, want solank die stelsel 'n tweede party vereis om opposisie teen die eerste of „enigste" te wees, solank sal daar volksgenote gevind MOET word wat bereid is om die rol van opposisie te speel.**

**Die grond vir ons volksverdeeldheid lê dus nie in onwilligheid om almal by een politieke party aan te sluit nie, maar in die gewilligheid om 'n stelsel te handhaaf wat die volk in minstens twee partye MOET verdeel. En as die Ossewabrandwag daarom van volkseenheid praat, bedoel hy nie dat ons die hele volk binne een organisasie, dit wil sê die Ossewabrandwag self, moet versamel nie. As dit die bedoeling sou gewees het, het ons teenstanders reg om te sê dat dit 'n onbereikbare ideaal is. Ons bedoeling is om die GROND van volksverdeeldheid te verwyder deur die volksverdelende stelsel van die Britte te laat vervang deur ons eie Boerestelsel waarin die volk net een enkele politieke organisasie vir die uitoefening van sy staatkundige taak gehad het, en dit was sy staat self.**

## ELKEEN SE PLIG

En dit is nie net 'n reg om aan te hou stry vir hierdie ideaal van volkseenheid nie, maar 'n plig wat op elke Afrikaner wat hierdie feit insien, rus. En in die nakoming van

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

daardie plig vra ons nie wat ons kanse is nie; **ons aanvaar dit eenvoudig met die geloof soos die Genootskappers 75 jaar gelede hul taak aanvaar het sonder om te vra wat die resultaat sal wees. Die vuurtjie wat deur hulle heel beskeie aangesteek is, het in 'n driekwart eeu ontwikkel tot 'n velbrand ver buite die grense van ons land.** Die stryd wat die Ossewabrandwag te voer het, is die afronding van hierdie stryd wat 75 jaar gelede in die Paarl begin het — en daarom veel makliker. **Makliker omdat ons veg vir iets wat ons reeds besit het, terwyl hulle moes veg vir iets wat nog moes kom.**

Dit sal nie net die Afrikaanse taal ten goede kom as ons onsself ook op Afrikaanse wyse kan regeer in plaas van op Engelse wyse nie, maar dit sal tot voordeel van die hele Afrika wees indien die blanke bevolking tot eenheid kan kom — iets wat onder die Britse partystelsel prinsipieel onmoontlik is.

# Van Die Os Op Die Esel

**Deur Sybrand**

## SAAM GESELS

Die redakteur van Die O.B. het my gevra om elke week 'n geselsie aan te knoop met die lesers van sy blad. Dit staan my vry om te gesels waaroor ek wil en dit staan die lesers van Die O.B. vry om op hulle beurt met my te gesels waaroor hulle wil. So het die redakteur en ek ooreengekom.

Ek begin die gesprek vandag en my lesers wat lus voel om saam te gesels moet vir my briefies skryf en algaande gesels ons almal saam in hierdie kolomme. En ons spring van die os af op die esel net soos die gier ons beetpak. Maar ons moet darem die gier hê, want as my lesers nie lus het vir gesels nie, sal ek vanselfsprekend maar weer moet swyg.

Ek is so nuuskierig soos 'n wetenskaplike om te sien van wie ek my eerste briefie gaan ontvang — en wat daarin sal staan.

## DIE FORELLEVANGERS

Die mediese behandeling wat dr. Hans van Rensburg gedurende die afgelope maand ontvang het, sowel as die vrye plaaslewe op Mooi Eiland, het hom blykbaar baie goed gedoen. Toe ek hom verlede week in Kaapstad raakgeloop het was ek aangenaam verras om hom so gesond en opgeruimd te sien.

Hy het my vertel dat hy vir 'n heen-en-weertjie Rawsonville toe gaan om by sy ou vriend Oom Hennie de Wet te gaan kuier. Oom Hennie is daardie gelukkige kombinasie — 'n geesdriftige hengelaar wat 'n forellestroom besit. En soos dit ware visters betaam wil die twee vriende die salige ure wat hulle langs die rivier in die kloof deurgebring het nog 'n keer herbeleef. Daar is geen beter forellestroom in die hele land as die helder rivier wat aan die voet van die skilderagtige Du Toitskloofberge kronkel nie.

## VISTER-TE-PERD

Oom Hennie is 'n man wat 'n unieke rekord hou. Hy vang te-perd vis. Selfs 'n Amrikaner het dit hom nog nie nagedoen nie. Oom Hennie se bene wil hom deesdae nie meer op en af oor die klippe langs die oewers van die rivier dra nie. En nou vang Oom Hennie forelle vanaf die rug van sy hondmak ryperd! Ek weet van geen ander man wat nog ooit die vliegie vanaf 'n perd se rug in die stroom gegooi het nie. En praat van die vliegie. Ek wonder hoeveel visters die vliegie so sekuur soos Oom Hennie kan gooi. Hy gooi die vliegie netjies bo-op 'n vuurhoudjie- dosie wat dertig tree van die wal af drywe. En hy doen dit nie eenkeer per geluk nie, maar hy doen dit keer op keer omdat hy die kuns verstaan om dit te doen. En die mooiste van alles is, hy doen dit ewe gemaklik wanneer hy op die perd se rug sit.

Dr. Van Rensburg mag K.G. van die Ossewabrandwag wees, maar Oom Hennie is ongetwyfeld K.G. van die forellevisters.

## WILDPLASE

Daar is verlede week 'n Kaaplandse Jagtersvereniging gestig op Stellenbosch. Die doel van die vereniging is om die ware sportmansgees by jagters te bevorder en om oordeelkundige jag te bepleit sodat die wild nie uitgeroei word deur wildstelery en nagjagtery nie. Dit is 'n prysenswaardige strewe en sal ongetwyfeld van alle kante verwelkom word. Die vereniging wil ook die handel in biltong bestry want hy beskou hierdie handel as een van die hoofoorsake van die uitroeiing van wild. Dit is seker waar, maar hoe gaan die vereniging hierdie handel bestry? Die Afrikaners is dol oor biltong en daar is derhalwe 'n geweldige aanvraag vir hierdie lekkerny. En ek vrees dat solank die biltong-lus bestaan sal verkopers en eters hulle weinig bekommer of die wild gesteel is of in die nag geskiet is — solank die biltong maar beskikbaar is.

Hoe kan die wild beskerm word en terselfdertyd die biltong-lus bevredig word?

Wat van wildplase waar wild geteel word vir biltongdoeleindes. Ek het gehoor van 'n Amerikaner wat in Hollywood met vlooie boer. Hy voorsien die film- en sirkusmark van vlooie. Waarom nie 'n wildboerdery om die Afrikaanse biltongmark te voorsien nie?

## ONVERSKROKKENHEID

As 'n mens regtig lus het om onder 'n Engelsman se vel te gaan kriewel dan moet jy verkleinerend begin spot met Britse sport en met die Britse vloot. Liewe deug, dan maak jy die herrie los. Was die slag van Waterloo dan nie gewen op die speelgronde van Eton nie? En is Brittanje dan nie die heerser van die golwe nie. Natuurlik, en daarom moet 'n mens nie met 'n Engelsman kom bog praat oor sy sport en sy vloot nie.

Dis al oorgenoeg dat die Engelse in die laaste tyd die een nederlaag na die ander ly op internasionale sportbyeenkomste. En nou kom mnr. F. C. Erasmus, die minister van verdediging, nog boonop en vertel in die openbaar dat die uniform van die Britse matrose soos 'n stuk vroueklere lyk! Alla wêreld, maar die Engelse is kwaad vir Erasmus. As hulle Rooihuide was sou hulle sy kopvel afgeslag het.

# Waarom Segregasie Beveg Word

**Die ware beswaar teen die beleid van apartheid meen die Mosley-blad Union te ontdek in 'n onlangse hoofartikel van die Londense Times.**

Laasgenoemde het dit gehad oor die rasseteorie van die Suid-Afrikaanse regering in verband waarmee onder meer toegegee word dat die beleid gegrond is op 'n eerlike bedoeling om albei rasse se welsyn te bevorder. Maar, voeg die Times daaraan toe, goeie bedoelings is nie al wat nodig is in die politiek nie. **„Swart arbeid word meer en meer nodig in die myne en die groeiende fabrieke."**

Union noem hierdie argument „die finale, naakte erkenning uit die mees gesaghebbende bron" van die werklike rede vir die besware teen segregasie, wat gewoonlik gehul word in 'n dekmantel van welwillendheid teenoor die naturelle.

„Die stad Londen wat die standpunt van die Times grootliks beïnvloed, is diep bekommerd oor die waarde van die goudaandele wat so 'n berugte opgang gemaak het by geleentheid van devaluasie verlede jaar. Sedertdien het hierdie aandele geleidelik gedaal as gevolg van die vrees dat die beleid van apartheid die goudmyne sal beroof van hul goedkoop negerarbeid waarmee hulle tans aan die gang gehou word teen groot wins vir die eienaars."

Union verwys dan na die erkenning dat 'n swart werkersklas in die Unie se nywerheidsdele sal ontwikkel wat baie vatbaar vir die Kommunisme sal wees. Die doel van segregasie is juis om hierdie gevaar te verhoed deur die naturel die geleentheid te gee om op sy eie manier in sy gebied te ontwikkel sonder blootstelling aan die vorms van kapitalistiese uitbuiting waaraan die Britse werkers in die vorige eeu onderworpe was.

## 8 Augustus 1950

**Malmesbury Kommando's vier 8 Augustus**

Op die plaas van

**Genl. Moorrees van Aarde, Matjesfontein**

**OP SATERDAG, 2 SEPTEMBER.**

MIDDAGETE: 1-uur nm.

**Spreker:**

**H/GENL. JAPIE DE VOS**
**7.30 nm.**

SPELETJIES EN BRAAIVLEIS.

**ALMAL WELKOM.**

# Dalk Reeds Te Laat Om Duitsland Te Verdedig

**Die Geallieerde ontwapeningsbeleid van Duitsland wat in Jalta besluit en in Potsdam na die oorlog vasgelê is in die ooreenkoms tussen Amerika, Brittanje en Rusland, was die grootste triomf van Josef Stalin in sy wêreld-veroweringstog teen die Weste tot dusver. Dit het die weg glad gebaan vir sy rooi hordes om die hele vasteland van Europa te oorstroom.**

**Vyf jaar lank het veral die Britte en Franse naarstiglik elke letter van hierdie ooreenkoms uitgevoer onderwyl Stalin besig was om 'n leër van Duitsers op die been te bring tot versterking van sy eie miljoene. Vandag is die Westerse volke in die dilemma dat hulle nòg Duitsland kan beskerm nòg hul beleid van ontwapening kan verander sonder om die grootste risiko te neem.**

**Die Russiese oormag is so oorweldigend dat indien Stalin môre die bevel sou gee om aan te val, die Rooi Leër, volgens berekening van 'n groep Duitse generaals, binne drie dae aan die Atlantiese kus en die Pirrineë sal staan. Met die oog op hierdie gevaar kan die Weste dit vandag nie meer waag om Duitsland militêr te versterk sonder om daardeur die Russe tot die aanval uit te lok nie. En as die Russe eers eenmaal Europa verower het, sal die herowering daarvan deur die Weste waardeloos wees, volgens die mening van die Duitse generaals in 'n memorandum wat deur hulle opgestel is.**

As die Rooi Leër vandag aanval, sal hy, volgens die generaals, ongetwyfeld in staat wees om Europa binne 'n paar dae plat te loop met tienduisende tenks. Teen die eerste of tweede dag sal hy sy eerste doelwitte bereik — die hawens aan die Noordsee, die Ruhr-vallei en die Ryn.

Die besettingsmagte in Wes-Duitsland sal verbygegaan of oorrompel word. Die eerste doelwitte sal deur die Russe bereik word, selfs al sou Brits-Amerikaanse lugformasies binne agt of tien uur ná die Russiese aanslag, aanvalle van stapel stuur.

### GROOT VLUG

Die Ryn en die Maginot-linie sal ook nie die Russe keer nie. Die opmars deur Duitsland sal so vinnig wees dat die bevolking geen kans sal hê om op 'n groot skaal na die weste of suide te ontsnap nie. Frankryk sal in hierdie twee dae 'n massa-uittog na die weste en suide beleef.

Frankryk, wat in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer, sal nie in staat wees om 'n Russiese aanslag te weerstaan nie. As die Weste op die verkeerde voet betrap word, sal Frankryk binne 'n paar dae val. As dit moontlik is om betyds te mobiliseer, sal dit die Russe moontlik twee keer so lank neem.

### SPANJE

Die eerste werklike hindernis is die Pirrineë waar die Russiese opmars gestuit kan word. Net Engeland en Spanje kan verdedig word teen die tyd dat die teen-mobilisasie voltooi is.

**As Rusland meester van Europa is, sal honderdduisende manne onmiddellik na die Ooste gedeporteer word om slawe-arbeid te verrig en in konsentrasiekampe gestop te word.**

Om hierdie ramp te verhoed, moet die strategie van die Weste daarop gemik wees om te keer dat Wes-Europa oorrompel word deur die eerste aanval van die Rooi Leër, aldus die memorandum.

### SAL AANSLUIT

**Indien die Westerse moondhede Duitsland laat vaar, sal miljoene Duitsers by die Rooi Leër aansluit om teen die Weste te veg, omdat hulle sal voel dat hulle deur die Weste opgeoffer en verraai is en dat hulle niks meer te verloor sal hê nie.**

Volgens die generaals kan die oostelike grense van Duitsland alleen met hoop op sukses verdedig word as dit beset word as 'n verdedigingsone deur sterk militêre formasies, en as daardie posisies binne 'n paar uur beman kan word. Daar moet ook seker gemaak word dat sterk eenhede van die Westerse lugmagte onmiddellik tot die geveg kan toetree.

Die sentrum van die verdediging moet so ver moontlik na die Ooste verskuif word om aksievryheid te bewerkstellig en te verhoed dat nog veertig- tot sestigmiljoen mans en vroue ingepalm word as slawe-arbeiders of soldate.

---

Walvisvleis wat sedert die begin van die maand in 'n paar Kaapstadse slaghuise verskyn het, het so toegeneem aan gewildheid dat daar tans meer as twintig slaghuise is wat dit verkoop. Die prys van 9d. per pond vleis sonder bene word veral deur die armer klasse as 'n uitkoms beskou. Baie welgesteldes koop dit ook. Die walvisseisoen duur egter net van Mei tot Oktober.

# Tussenwerpsels Laat Rus Vlug

**'n Interessante berig oor die reaksie van die Russiese propagandis en lid van die Opperste Sowjetraad, I. Ehrenburg, by geleentheid van 'n groot vergadering 'n paar weke gelede in Londen is vervat in die Mosley-blad Union. Hiervolgens het Ehrenburg, vergesel van 'n lyfwag vanaf die Sowjet-ambassade, sy verskyning op die verhoog gemaak.**

Nadat die voorsitter, ene Crowter wat beskryf word as 'n gereelde besoeker aan Moskou, die vergadering geopen het met verskillende Kommunistiese slagspreuke, is Ehrenburg aan die woord gestel. Hy is met die Kommunistiese saluut en die sing van die Internasionale begroet, waarna hy sy toespraak in Russies begin het.

Volgens die tolk was hy besig om te sê „ek het in 'n moeilike tyd hierheen gekom. 'n Verskriklike skaduwee hang oor die wêreld", toe 'n stem uit die gehoor tussen: „Kommunisme!" 'n Paar oomblikke later het dit oral gedreun: „Weg met Kommunisme!" en „Gaan terug na Moskou!"

**„Hy het iets ondervind wat in sy eie land ongehoord is, waar niemand dit waag om Stalin of een van sy handlangers in die rede te val nie . . . . Dit alles was te veel vir Ehrenburg, wat sy geskrewe toespraak aan die tolk oorhandig het en gemaak het dat hy weg kom."**

Die tolk het hierna die toespraak so vinnig gelees dat die mense nie kon hoor of dit Engels of Russies was nie en nog voor die einde is die vergadering uiteen toe dit begin reën het.




In naam en tradisie 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

[CCP-1] KURK OF GEWOON

10 vir 6d. 20 vir 1/- 50 vir 2/4


# Beaufort-Wes Hou Mooi Funksie

**Die kommando's van Beaufort-Wes het op 12 Augustus 'n verrassende goeie funksie gehad toe meer as honderd lede ondanks groot afstande op die plaas van mnr. en mev. F. de Vries byeengekom het om O.B.-dag te vier. Die mooi bedrag van £73 7s. 6d. is ingesamel deur die gesamentlike poging onder leiding van die generaal, mnr. P. le Roux, die kommandante, mnr. en mev. S. J. Krynauw en mev. P. E. Pienaar.**

Die generaal, mnr. H. le Roux, het almal verwelkom en gewag gemaak van die pragtige samewerking onder die kommando's. Hy het ook die kommandant en kommandante, mnr. en mev. Krynauw geluk gewens vir die bekwame wyse waarop die funksie gereël was. Vervolgens het mnr. M. le Grange, veldkornet, in 'n boeiende toespraak 'n oorsig gegee van die bestaan van die Ossewabrandwag van 1938 af tot op die twaalfde verjaardagfees.

Eindelik het mnr. Krynauw aan die woord gekom en gesê dat die O.B. soos 'n boot is wat op die see vaar; hy het nog altyd rigting gehou, en as hy so volhou, sal die einddoel bereik word. Hy het ook al die offisiere en Brandwagte bedank vir hulle medewerking, asook mnr. en mev. De Vries vir die beskikbaarstelling van hul plaas.

Eenheid en vriendelikheid — die ou kenmerke van die O.B. — was die besieling van die dag. Die geesdrif was baie groot, soos weerspieël word deur die feit dat al die gebak en lekkernye in 'n betreklike kort tydjie van die hand gesit was. — (Korr.)

# £60 Deur Brandvlei Ingesamel

Die Brandvlei-kommando het O.B.-dag op Saterdag, 5 Augustus, op Skansklip, die plaas van hoof-genl. W. P. Burger, gevier. Byna alle lede van die Kommando was teenwoordig en 'n pragtige gees het geheers. Daar is ook 'n paar goedgesinde Afrikaners van ander politieke oortuiging opgemerk.

Die funksie is kort na sonop met 'n gebed geopen deur Komdt. W. S. Burger wat ook die aanwesiges verwelkom het. 'n Mooi bedrag van £60 is ingesamel deur die verkoop van eetware, jukskeigooi en die opveil van skape.

In die middag het genl. S. Nel 'n kort bemoedigende toespraakie gehou waarna die verrigtinge afgesluit is met die sing van „Die Stem". (Ingestuur).





BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## ALGEMEEN

**Die Kleinbergkwekery, Posbus 16, Breërivier:** het nog oor en beskikbaar vir 1950 planttyd: Appelkoosbome 3,000 en Beluda 500, op pruim en perskewortel 500 Inkoos, 500 Tuscan Cling en 500 Princess Marina perskebome op perskewortel. Almal sterk en gesond teen £5/10/- per 100. Kontant met bestelling. 5% af. Geregistreerd. 16/8/3B

**Bergheim.—Vakansie-oord..** Posbus Kroondal, Rustenburg. Tel. 1023, Rustenburg. Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. **K. J. H. Behrens.** 2/8/5

## BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

Agt hoëgraad en Friestipe verse uit eersteklas melkkoeie; twee jaar en ouer, paar wys uier; £13/10/- stuk vir uitsoek; £100 vir lot. Vier tollies dieselfde tipe £10 stuk. Een derdekalf ligkleurige Jerseykoei, naby kalf; melk net drie spene, £22/10/-. Twee ligkleurige tweejarige Jerseyverse £17/10/- stuk. Een agtienmaande Jerseyvers, effens holrug, donkerkleurig, £10/10/-. Vier rooi melkkorthoring-verse, maak uier, £11/10/- stuk. £245 vir 20 diere. K.B.B.; V.O.S. **Elenaar, Posbus 90, Graaff Reinet.** 30/8/2B

## SPEELSKEIE

**Bottelskeie 4/-;** kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 26/7/8

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

## TE KOOP

**International ¾-ton bakkie.** 2800 myl gedoen. Doen aansoek: **J. N. Viljoen, Alfa, Wolseley.** Foon: Breërivier 1430. 30/8/2

## MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."


# Krap Herinnerings Oop En Word Genees

**'n Nuwe soort sielkundige behandeling vir verskillende soorte kwale waarvan die oorsaak geestelik te herlei is, is besig om groot opgang in Amerika te maak as gevolg van 'n boek wat deur L. R. Hubbard uitgegee is onder die benaming „Dianetics" Kwale soos maagswere, gewrigsontsteking, asma, skeelhoofpyn, ens. word met die nuwe sielkundige proses heeltemal genees, word verklaar.**

Dit stem tot 'n mate ooreen met die stelsel van psigo-analise wat reeds deur psigiaters toegepas word, en berus op die teorie dat die menslike gees bestaan uit twee dele — die analitiese en die reaktiewe. Eersgenoemde neem waar, onthou en redeneer, terwyl laasgenoemde net registreer. Soms gebeur dit dat die eerste deel, dit wil sê die bewuste, afgesluit word weens die een of ander oorsaak soos pyn of skok. Dan neem die tweede oor en word elke ervaring tot in die fynste besonderhede geregistreer op protoplasma. Aangesien die bewuste denke dan tydelik buite werking is, sal die persoon niks onthou nie, maar die reeks gebeurtenisse of ervarings lê in die reaktiewe deel van die gees opgesluit en soms wanneer iets gebeur wat ooreenstem met een van die gebeurtenisse wat plaasgevind het tydens die onbewuste oomblik, raak die analitiese deel ingeskakel op die reaktiewe en word pyn of vrees wat indertyd ondergaan is, selfs al was dit bewustelik nie gevoel nie, weer ervaar sonder dat die persoon weet wat die oorsaak daarvan is.

### ONTSLUITING

Die stelsel is daarop bereken om deur middel van 'n proses wat „ouditering" genoem word die geslote aantekeninge van die reaktiewe gees te ontsluit. Sodra dit gebeur, vind daar 'n ontlading plaas van die opgekropte herinnering en verloor dit sy skadelike krag.

Die pasiënt word in 'n donker vertrek neergelê waar hy deur 'n „ouditeur" in 'n toestand van mymering gebring word. Die

## Nuwe Teorie Wen Veld In Amerika

beoefenaars van die teorie ontken dat hy in 'n staat van hipnose verkeer. Die „ouditeur" begin dan vrae uit sy verlede te stel en hy herleef weer pynlike ervarings van sy jeug. Hierdie herlewing is besonder wesenlik en die pasiënt sal soms van die pyn krul as hy 'n vergete pynervaring weer deurleef. Een persoon het by voorbeeld weer sy pyn en vrees deurleef toe hy as drie-jarige kind tande laat trek het, terwyl 'n ander selfs 'n voorgeboorte benoudheid herleef het. In die een geval het 'n vrou wat aan 'n geniepsige soort skeelhoofpyn gely het, haar kwaal herlei tot die verlostang waarmee die dokter haar geboorte bewerkstellig het.

### DOKTERS

Hubbard glo dat 'n mens se „reaktiewe gees" reeds lank voor die geboorte aantekeninge begin maak.

Etlike dokters en psigiaters bevind hulle onder sy aanhangers, terwyl daar reeds meer as 500 „klubs" bestaan wat die metode beoefen. Sommige dokters vrees egter dat die metode gevaarlik kan wees in die hande van 'n leek. As iemand byvoorbeeld as gevolg van 'n bloeding 'n skok weg het wat hom in later jare agtervolg, dan mag by behandeling 'n nuwe bloeding ontwikkel, waarsku hulle.

## Segregasie Dring Hom In Londen Op

Onder die opskrif „Apartheid in Londen" berig die Britse blad Union dat 'n groot danssaal waar naturelle met blanke meisies gereeld gedans het, nou gesluit is. Die direkteur van die saal het verklaar dat hulle tot sluiting van die saal gedwing is weens die protes van die broers van die meisies met wie die naturelle dans. Hy het daaraan toegevoeg: „Wit mans meng met die nie-blankes en aanvaar hulle op gelyke sosiale voet, maar hulle weier om hul vroue met almal te deel."

Die blad merk op dat voorstanders van segregasie skerp veroordeel word vir hul beleid om wrywing tussen rasse te voorkom, maar tans erken selfs hierdie direkteur die noodsaaklikheid van segregasie om geweld te voorkom.

## Wil Nie-Blanke Oorwig Beseël In V.V.O.

Na berig word, is Pandit Nehru deur die Amerikaanse regering in kennis gestel dat die V.S.A. die toelating van Indië as die sesde lid op die V.V.O. se Veiligheidsraad sal voorstaan. Die ses lede sal dan wees Amerika, Brittanje, Frankryk, Rusland, Sjina en Indië. Die helfte van die lede sal dan Asiate wees, sodat die belangrikste liggaam in die V.V.O. 'n suiwerder weerspieëling sal wees van die nie-blanke — of minstens nie-Westerse — oorwig wat in die ander vertakkings in hierdie demokratiese stigting heers.


**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**


# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................................

..........................................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..........................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................

..........................................

..........................................

..........................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.


## Vir ál hierdie—

U huis—





—U Meubels

U Kar—



Beskerm uself teen skade en verlies, deur —

**'n SANTAM-Polis**

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-5a


# GROOT VERHUISING UIT UNIE NA NOORD-RHODESIË

**Die toenemende getal Afrikaners wat na Noord-Rhodesië gaan, vorm die onderwerp van 'n berig in die Engelse pers. Elke maand, so word berig, kom daar tussen 150 en 200 boere uit die Unie in Lusaka navraag doen na plase by die landraad, terwyl die aantal briewe aan verskillende instansies tot 'n duisend per maand beloop. Op die oomblik vorm die Afrikaanssprekendes na beraam word, tussen 30 en 40 persent van die blanke bevolking.**

Die Afrikaanssprekendes is veral saamgetrek in die Lusakadistrik waar hulle 'n Afrikaanssprekende verteenwoordiger in die wetgewende raad het, naamlik mnr. G. M. F. van Eeden.

**Volgens eiendomsagente is 95 persent van die aansoeke om plase afkomstig van Afrikaanssprekende Unie-boere. Gedurende Januarie hierdie jaar was daar 54 aansoeke om grond, in Februarie het dit gestyg tot 96, in April tot 199 en in Mei tot 201, terwyl dit in Junie weer tot 163 gedaal het.**

### MEER UIT UNIE

Die jongste immigrasiesyfers toon dat daar in die laaste kwartaal van 1949 499 Britsgeborenes en 828 Unie-geborenes aangekom het, en in die eerste kwartaal van 1950 566 Britsgeborenes en 899 Unie-geborenes. Van die 566 Brits-geborenes het 250 Suid-Afrika as hul laaste verblyfplek opgegee.

Gedurende die eerste vyf maande van die jaar het daar 3,058 immigrante na Noord-Rhodesië gegaan van wie 1,575 van die Unie en 980 van Brittanje afkomstig is.

### GOEDKOOP PLASE

Volgens berigte uit Salisbury is daar ook 'n trek uit Suid-Rhodesië na die noordelike buurstaat aan die gang. Baie van die trekkers is boere wat agter goedkoper grond aantrek. Die laer belastings is 'n ander aantreklikheid. In Noord-Rhodesië kan van die beste bees- en tabak-plase in Suidelike Afrika gekoop word teen een tot twee pond per acre of teen 7s. 6d. as dit kroongrond is. Grond kan ook gehuur word teen een pennie per acre per jaar vir 'n tydperk van 99 of 999 jaar.

**Die Noord-Rhodesiese regering gee voorkeur aan boere uit die Unie omdat hulle meer gehard en aanpasbaar is by die omstandighede.** Daar gaan ook baie mense daarheen om in diens te tree by die kopermyne. Sommige van hulle word later selfstandige boere.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 30 AUGUSTUS 1950

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

ONS BELEIDSPUNT NO. 2

## 'N EENHEIDSTAAT IN PLAAS VAN DIE BONTHEID VAN VANDAG

As mens die gemiddelde man vra: „Waar setel die regering van hierdie land?" dan sal hy dadelik antwoord: „In die Uniegebou." Neem mens die punt verder en vra: „Is daar nie ook ander regeringsorgane nie?" dan val dit hom by en hy sê: O ja, die provinsiale rade". Daar hou hy meestal op.

Maar onder die belangrikste is die munisipale besture.

Ons mag glimlag as ons dink aan een of ander klein en sukkelende munisipaliteit, sê, „Knoppiesfontein" met sy een klein handelsbank en 'n periodieke magistraatshof.

Maar sal ons nog glimlag as ons verneem dat die Johannesburgse stadsraad, benewens werkverskaffing aan duisende, oor die intieme lewensomstandighede (behuising, beligting, vervoer, ens.) beskik van meer as 519,000 mense — daaronder 257,000 blankes? Dit is die sensussyfers van 1936; vandag met die toenemende verstedeliking, is die getalle aansienlik vermeerder. Dit is Johannesburgmunisipaliteit alleen, afgesien van Germiston (32,500 blankes), Krugersdorp (18,000 blankes), Springs, Benoni, Brakpan en andere op die Rand.

Om 'n korte en krasse vergelyking te tref; een van die vier provinsies van die Unie, die Oranje-Vrystaat, wat sy nasionale verantwoordelikheid ook ernstig beskou, tel 201,000 blankes — daaronder meer as 30,000 in die munisipaliteit Bloemfontein — en Johannesburg alleen, sonder die ander Randse munisipaliteite tel 248,034!

**Die hele provinsie Oranje-Vrystaat bevat minder blankes as een enkele munisipaliteit!**

Dan het ons nog Kaapstad 173,000; Durban 95,000; Pretoria 77,000; asook verskeie andere stede en grotere dorpe. **En dit is maar die syfers vir 1936** — die jongste beskikbare sensussyfers.

En tog sou die man aan wie ons in die begin van hierdie kapittel die vraag gestel het die Provinsiale Raad van die O.V.S. wel genoem het . . . maar die stadsraad van Johannesburg sou hom nie eens bygeval het nie!

Dit alles bloot as 'n aanduiding waar die ware regeringsmag — afgesien van die Unieregering — in Suid-Afrika lê.

Laat ons dus hierdie punt voor oë hou: **daar is dosyne landsbelangrike regeringsorgane in Suid-Afrika, bo en behalwe die kabinet wat in die Uniegebou sit.**

En hierdie verdere punt: **dikwels volg hulle uiteenlopende en lynreg teenoorgestelde koerse of beleide!**

Laat ons met 'n tipiese voorbeeld volstaan:

In die poging om die landsbelange in die algemeen en die van die wolboere in die besonder te bevorder het die landsregering onder Genl. Hertzog 'n ruilhandelsooreenkoms met 'n buitelandse industriestaat (Duitsland) aangegaan. Vir elke £1 ware wat ons van hulle invoer, sal hulle £1 van ons wol invoer. Hulle het ons wol nodig en ons het hulle lokomotiewe, motors, elektriese ware, ens., nodig. Dus, die een hand was die ander, £1 vir £1, en die wolboere en die hele land baat daardeur.

En toe?

Toe kom elemente in die Johannesburgse stadsraad, wat in een jaar 'n begroting van om en by die vyf miljoen pond gehad het, en dié elemente saboteer die buitelandse handelsbeleid van die landsregering deur 'n boikot-agitasie teen Duitse ware op tou te sit — en deur te druk — in verband met die munisipaliteit se benodigdhede van elektriese ware, tremkabels, dinamos, ens. Duurder Britse tenders word voorgetrek teenoor goedkoper Duitse tenders van dieselfde spesifikasies.

En met elke £1 boikot van Duitse ware is daar vanselfsprekend ook £1 minder Afrikaanse wol van ons gekoop.


Met ander woorde: **'n lokale stadsregering is by magte om die buitelandse beleid van die hele landsregering in die wiele tery, as hy onverskillig en afwykend genoeg is.**

Dit is sotheid wat onder 'n gesagstaat geen dertig sekondes geduld sou word nie.

Daarom sê die Ossewabrandwag dat hy 'n Eenheidstaat nastreef, waarin daar wel stadsbesture sal wees—net soos elke besigheid sy bestuur moet hê—maar waarin daardie besture ondergeskik aan en ingeskakel gaan wees by die sentrale landsregering.

Want **volksbeleid gaan voor stadsbeleid** en ook voor provinsie-beleid . . . en die hele volk moet die dinge verantwoord en nie net 'n paar Joodse stadsraadslede wat môre of oormôre al in die vergetelheid raak nie.

## Ons Kiekie-Album



**Op 27 Februarie elke jaar herdenk die O.B. die Oorwinning van Amajuba. Op daardie nag brand die Vryheidsvlam van die Afrikanerdom dwarsdeur ons Vaderland, brandend gehou deur „die draers van die Republiek" — die O.B.**

## BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Raai van wie het ons die week 'n brief gehad. Niemand anders as Nig Martha vir wie ons by die Monument-laer ontmoet het. Ons is natuurlik baie bly om weer van 'n Pretorianer te hoor — dis mos hulle wat so suinig is met hulle nuus.

In elk geval, Nig Martha skryf: „Ek was maar net 'n bietjie lui." Sy vertel dat hulle daar in Pretoria groot planne vir die toekoms het en vra ons om besonderhede van die Franschhoek-laer. Ons sal Boerejeug-hoofkwartier vra om julle al daardie nodige besonderhede te stuur. Sorg net dat julle kom. Hulle moes nou die dag afskeid neem van Komdte. Oosthuizen, gelukkig net as offisier en nie as 'n getroue ondersteuner nie.

Nig Martha wil ook baie graag met Jannie du Toit in aanraking kom en vra ons om raad. Wel, ek weet nie of hy daar in die vreemde omgewing ooit 'n Boerejeug-blad in die hande kry nie, maar indien wel moet hy asseblief dadelik 30874 (gedurende kantoorure) of naweke 705109, bel. Ons sal in elk geval aan hom skryf. Sy adres is, ingeval daar iemand is wat belangstel: Korp. J. H. V. du Toit, P 13920, Onder-offisiersmenasie, Voortrekkerhoogte, Pretoria.

Van Oudtshoorn skryf Komdt. Hitge van 'n interessante byeenkoms wat hulle gehou het: „Veldkte. Bothma het haar verjaardagpartytjie net vir Boerejeug-lede gehou, want wat is geselliger as 'n klomp Boerejeugmaats bymekaar. Aan pret het dit gladnie ontbreek nie. Alhoewel sommige van die nuutste lede eers 'n bietjie skamerig was, het dit net een rondte „swart varkie" gekos om hul een met al die ander te laat voel. Finkel en Koljander was weer op hul stukke en tenspyte van die bewolkte weer, wou hulle net gaan „sterre tel". Die uurtjies het glad te gou omgegaan en gou was dit tyd om vere op te soek. Die aand was so aangenaam dat sommige van die ander wat binnekort verjaar ook besluit het om die voorbeeld te volg".

En ons wens ander Veldkornetskappe wou dit ook doen. Onthou tog net om ons daarvan te skryf en vertel wat julle alles aangevang het.

Totsiens!

## VERJAARDAG-KETTING

**AUGUSTUS**

31 Gert Smit, Bosbokrand.
Petrus Marais, Knysna.
Delene Slabber, Paarl.
Kosie Hanekom, Malmesbury.
Floris Potgieter, Kakamas.

**SEPTEMBER**

1 Aletta de Jager, Boshoek.
Johan Rossouw, Kakamas.
2 Elizabeth le Roux, Bultfontein.
Antoine Coetzee, Potchefstroom.
Daniel Coetzee, Bosbokrand.
Gertbreggie Liebenberg, Upington.
Katrina Barnard, George.
3 Constance Fouche, Stellenbosch.
Willem Bouwer, Kirkwood.
Sofia Koekemoer, Lamotte.
Jan Calitz, Oudtshoorn.
4 Johannes Cilliers, Beaufort-Wes.
Hilda Burger, Brandvlei.
Willem Botha, Zuider Paarl.
Francois Botha, Paarl.
5 Anette Pauw, Wellington.
George Nieuwoudt, Vryburg.
Rudolph v. d. Westhuizen, Vryburg.
Hennie Weideman, Cradock.

## Ons Wil Weet

Ons het al dikwels van lede briewe ontvang waarin hulle vir ons sekere inligting oor die O.B. en Boerejeug vra. In die verlede het ons sulke vrae direk aan die vraer beantwoord.

Dink julle nie dis 'n goeie idee dat ons liewer die antwoorde in ons Blad plaas nie? Dan is daar miskien een of meer van julle wat ook iets leer wat jul nie voorheen geweet het nie.


As julle self vrae het, skryf gerus aan **„Ons wil weet", Die Boerejeug, Posbus 3471, Kaapstad.** Die vraag self sal ons so kort moontlik in donker druk, bo-aan skryf en dan ons antwoord daaronder plaas.

Hierdie week moet ons twee vrae beantwoord:

**Vraag: Hoe kan 'n mens Noord of Suid met 'n horlosie bepaal?**

**Antwoord:** Ja, dit is maklik. Ek neem natuurlik aan dat jy weet hoedat die kompaspunte saamgestel is: Noord, Suid, Oos, Wes — en „tuis bes", né.

Nou Ja. Hou jou horlosie plat op jou hand sodat jy op die horlosiegesig kyk. Plaas die punt van 'n stokkie of vuurhoutjie op die syfer 12 en draai nou stadig in die rondte totdat jy opmerk dat die skaduwee van die stokkie regoor die 12, oor die as van die wysters, en oor die 6 val.




Kan jy die skaduwee sien? Oor die 12, oor die middel en oor 6, né.

Noordrigting is dan presies tussen die 12 en die uur-wyster. Kyk na die skets. Sien jy? Suid is natuurlik in die teenoorgestelde rigting. Probeer dit 'n paar keer.


**Vraag: Wanneer ons die O.B.-vlag hys, watter kleur moet bo wees? En as dit teen 'n muur afhang, watter kleur is watter kant?**

**Antwoord:** Die O.B.-vlag bestaan uit vier vlakke, naamlik een vertikale groen baan met drie horisontale bane wat reghoekig van die groen baan loop — oranje wit en blou.

Wanneer die vlag gehys word, is die groen baan die naaste aan die paal, met die oranje baan bo, wit in die middel en blou onder.




Wanneer die vlag teen 'n muur gehang word, lê die groen baan bo horisontaal, met die oranje links, wit in die middel en blou regs (as na die vlag gekyk word).



# V.P. Sal Wetgewing Weer Herroep

**Die sirkelkongres Suidoos-Transvaal van die Verenigde Party het 'n voorstel aangeneem dat al die wetgewing wat deur die regering deurgevoer „en 'n klad op Suid-Afrika se naam" is, onmiddellik van die wetboek verwyder moet word wanneer die Verenigde Party weer aan bewind kom. Hierdie wetgewing is as „vreemd aan die volkskarakter" beskryf.**

**In dieselfde gees het die parlementêre leier van die Verenigde Party, mnr. J. G. N. Strauss, tydens sy verkiesingsveldtog in Suidwes die versekering vanaf die verhoog gegee dat sy party sommige van die „gewraakte wetgewing" van die afgelope sitting sal herroep en wysig sodra hy weer aan bewind kom.**

Wette wat deur mnr. Strauss in die verband genoem is, is die wet op persoonsregistrasie en die wet wat gemengde huwelike belet. Van laasgenoemde het hy gesê dat sy party nie 'n wet sal ondersteun wat aan die wêreld verkondig dat die bevolking van Suid-Afrika 'n wet nodig het om sy bloed suiwer te bewaar nie. Van die wet op burgerskap het hy gesê dat sy party dit nie sal herroep nie, maar wysig.

**Hierdie besluit van die Verenigde Party-kongres en die uitlatings van sy parlementêre leier onderstreep weereens die besware wat die Ossewabrandwag teen die partystelsel aanvoer. Geen wet is ooit 'n volksmaatreël nie. Dit bly 'n partymaatreël wat net gehandhaaf word solank as wat die verantwoordelike party aan bewind bly, en aangesien dit nog nooit in die parlementêre geskiedenis van die afgelope paar eeue gebeur het dat een party onbeperk aan bewind bly nie, kan daar geen sprake van bestendige wetgewing wees nie. Die volk word voortdurend deur die opeenvolgende partye in die voorwaartse en terugwaartse rat gegooi.**

### NET 9 JAAR

Die gemiddelde tydperk wat 'n party sedert Unie aan bewind gebly het, is nege jaar. Dit beteken dat ingrypende wetgewing net vir nege jaar van krag bly voordat dit deur die nuwe regering omver gewerp word.

Maar dit is nie die enigste nadeel van die stelsel in hierdie opsig nie. **Tydens daardie nege jaar bly die opposisieparty sy verset teen bestaande wetgewing op luidrugtige wyse voortsit met die gevolg dat hy die bevolking voorgaan en aanhits tot minagting van die wette van die land.**

### IN REPUBLIEK

Heeltemal anders was die toestand in die Boere-republieke. Daar was dit die gewoonte dat alle volksraadslede voor die indiening van wetgewing die kiesers inlig omtrent die betekenis en doel daarvan, en hul gevoelens kon dan tydens die bespreking van die wetgewing in die volksraad voorgelê word. **Nadat dit aangeneem is, het alle volksraadslede teruggegaan en opnuut die wette aan die kiesers uiteengesit — nie in 'n gees van verset daarteen nie, maar van aanmoediging om dit na te kom. Dit kon gedoen word omdat daar geen amptelike opposisie was wat alle wetgewing moes teenstaan nie. Wette wat aangeneem is deur die volksraad, was wette van die hele volk.**

### MNR. HAVENGA

Hierdie likwidering van regeringswerk deur opeenvolgende partye onder die Britse stelsel is een van die grondliggende redes waarom mnr. Havenga weier om sy steun toe te sê aan kleurwetgewing wat op 'n geringe party-meerderheid berus. **Sulke wetgewing is dinge wat diep raak en wat beroering veroorsaak onder diegene wat daardeur geraak word. Indien 'n volksmeerderheid besluit om dit deur te voer, bestaan die hoop dat die gevoelens uiteindelik sal afkoel, net soos die gevoelens oor die vlagwet in later jare afgekoel het, maar wanneer een party onderneem om „gewraakte wetgewing" weer te herroep, beteken dit dat die ou wonde voortdurend oopgekrap word en die land kom nooit tot rus nie. Nog meer, al die opsweping van gevoelens en al die stryd en oorredingskrag is per slot van sake na nege jaar tevergeefse inspanning. Die werk word ongedaan gemaak en die volk staan maar weer waar hy nege jaar gelede gestaan het — net 'n bietjie meer verskeurd en dieper in die afgrond.**

---

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

## Britte bou Russiese Slaankrag Op

kennis gewen het danksy die Britse voorliefde vir handel, verklaar Intelligence Digest dat dit die afgelope drie jaar op groot skaal oorgeslaan het na moderne vliegtuie, in verband waarmee die grootste geheimhouding bewaar word. Stalin se seun, Vassili, wat 'n lugmaggeneraal is, is kwaai oor die kole gehaal omdat hy onlangs aan persmanne gesê het dat die Russiese lugmag die Sowjet se vyande terdeë sal verras. Duitse vlieëniers wat in die Russiese lugmag dien, het hul verbasing uitgespreek oor die gehalte daarvan. Geen moderne soort vliegtuig word aan die satelliete verskaf nie. Laasgenoemde ontvang die Jak-vliegtuie wat op massaskaal geproduseer word, en waarvan daar ook in Korea gebruik word.

## Spesiale Sondag Sal Handel Baat

Van uit 'n onverwagte oord en met 'n nog eienaardiger beweegrede word aan die hand gedoen dat die Unie se kerke ook 'n „Vader-sondag" soos in Amerika moet invoer.

Die Suid-Afrikaanse handelsblad, The Buyer, bevat naamlik 'n hoofartikel waarin die gedagte gesteun word dat die hoof van die gesin net soos in Amerika op die derde Sondag van Junie gehuldig moet word. Die gedagte word in ons land bevorder deur 'n sekere Woolfson, 'n maatskappy-direkteur, wat deur die „Vadersdagkomitee" van Amerika uitgenooi is om 'n plaaslike komitee te stig ter bevordering van die idee. **Die blad verklaar dat die handel baat sal vind by so 'n jaarlikse gebeurtenis.**

Die kerke behoort te kan rekenskap gee vir wat hulle doen, maar gesien die bron van hierdie voorstel, mag die spreekwoord in hierdie opsig geld: As vossie die passie preek, boer pasop jou ganse!

## ROOI SJINESE MAAK BRITTE SKRIK

Nadat die Russiese radio berig het dat daar onlangs 'n samespreking tussen vyf lande in Peking plaasgevind het in verband met Formosa — waar Molotof blykbaar die leier was — het die Sjinese Kommunistiese regering verlede week 'n kabelgram aan die V.V.O. gestuur waarin verklaar word dat die teenwoordigheid van Amerikaanse magte by Formosa Sjina uittart.

Die Britte is ook gewaarsku in verband met Hong-Kong terwille van wie se behoud Brittanje so sterk by Amerika aandring om Formosa nie te verdedig nie. Die aanklag lui dat die Britte verantwoordelik is vir grensvoorvalle.

Die openbare toutrekkery tussen die leidende Westerse moondhede ten opsigte van vraagstukke in die Ooste bied 'n gunstige geleentheid vir Moskou om die nodige senuweeoorlog te voer. Brittanje is bang dat die Amerikaanse verdediging van Formosa hom in 'n oorlog met Sjina kan sleep en o.a. die verlies van Hong-Kong kan meebring. Moskou toon dat hy presies weet hoe om daardie vrees tot sy voordeel uit te buit.

**8 AUGUSTUS-BASAAR**

Generaalskap A2 hou 'n 8 Augustus-basaar
**op Saterdag 9 September**
in die
**Nasionale Saal, Tiervlei.**
Opening 3-uur nm. deur:
**Hf./genl. Japie de Vos.**
6 nm. Verversings.
7.30 nm. Vergadering — **Spreker: W. R. Laubscher.**
ALLE OFFISIERE EN BRANDWAGTE WORD GEVRA OM HIERDIE FUNKSIE TE ONDERSTEUN

## *Aan die Nuusfront*

# Sekere Slange Het Teengif In Bloed

**'n Amerikaanse mediese student, V. B. Philpot, het 'n studie van slanggif gemaak en vasgestel dat die bloedserum van sekere nie-giftige slange 'n natuurlike teenmiddel is vir die byt van giftige slange. Hy het opgemerk dat eersgenoemde slange bestand is teen die byt van sulke giftige slange soos die Amerikaanse ratelslang. Toetse met muise het getoon dat 'n muis tot 'n driedubbele dodelike dosis slanggif kan oorleef as hy dadelik met die serum van die nie-giftige slang ingespuit word.**

* * *

'n Ewige horlosie wat nooit opgewen hoef te word nie, is volgens die aanspraak van 'n horlosiemaker in Beiroet uitgevind. Elektriese krag wat die horlosie aan die gang hou, word deur daglig gewek wat op 'n foto-elektriese sel in die horlosie val. In die nag val die lig van die liggewende wyserplaat op die sel. Die apparaat kan in enige horlosie geplaas word.

Water word teen 3/6 per kan verkoop aan die Suidkus van Sisilië nadat 'n grondverskuiwing twee weke gelede 'n waterleiding vernietig het en die 250,000 inwoners in die nabyheid nou sonder water sit.

* * *

Die rang luitenant-kolonel in die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag sal vervang word deur Kommandant, volgens 'n aankondiging van die Departement.

* * *

'n Rekordprys van £680 is op die Bloemfonteinse veiling deur mnr. J. J. du Plessis van Smithfield betaal vir 'n stoetram van mnr. T. B. Jordaan van Somerset-Oos.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

*TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .*

**Pappie het nie weer gekom nie**



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n óu gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom— „'n ongeluk . . . . hospitaal-toe . . . te laat!"

Nou was dit nét hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

. . .

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . . .

**● Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoedat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.**
*Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.*

NAAM: ....................................................
ADRES: ....................................................
....................................................
*Beroep:* .................... *Ouderdom volgende Verjaarsdag:* ...... S3